# KENNISGEWING

## STIGTING VAN ‘N SPESIALE-AANSLAGGEBIED (SRA)

## VIR

## Elsies River City Improvement District

**Kennisgewing geskied hiermee dat:**

1. Makeshift 1104 Pty Ltd, synde die geregistreerde eienaar van Erf 9722, geleë te 6de Laan 40, Elsiesrivier, van voorneme is om aansoek te doen om ‘n Spesiale-aanslaggebied wat bekend sal staan as **Elsies River City Improvement District** te stig ingevolge Kaapstad se Spesiale-aanslag-gebiede-verordering 2012 saam gelees met Kaapstad se Spesiale-aanslag-gebied-beleid 2012 in die gebied wat alle kommersiële belastingbetalende eiendomme insluit wat begrens word deur:

   **Noordelike Grens:** Vanaf die kruising van die spoorlynreserwe met Jan van Riebeeck Rylaan weswaarts langs die spoorlynreserwe tot en met die kruising van die spoorlynreserwe met Halt-weg (spoorlynreserwe is uitgesluit).

   **Oostelike Grens:** Vanaf die kruising van die spoorlynreserwe met Jan van Riebeeck Rylaan suidwaarts langs Jan van Riebeeck Rylaan tot en met die kruising met Epping-Laan om alle eiendomme aan die westelike kant van Jan van Riebeeck Rylaan in te sluit (padreserwe van Jan van Riebeeck Rylaan ingesluit).

   **Suidelike Grens:** Vanaf die kruising van Jan van Riebeeck Rylaan en Epping-laan langs Epping-laan tot en met die kruising van Halt-weg om alle eiendomme nood van Epping-laan in te sluit (padreserwe van Epping-laan ingesluit).

   **Westelike Grens:** Vanaf die kruising van Epping-laan en Halt-weg noordwaarts langs Halt-weg tot en met die kruising van Halt-weg en die spoorlynreserwe om alle eiendomme oos van Halt-weg in te sluit (padreserwe van Halt-weg ingesluit).

2. Kennisgewing van ‘n Openbare vergadering met die doel om:

   i) Tersaaklike inligting rakende die aansoek te verskaf.
   ii) Praktiese implikasies te bespreek wat daarmee verband hou.

| | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **:** | 2 Julie 2013 |
| **Tyd** | **:** | 17:00 |
| **Plek** | **:** | Vergaderingslokaal, Emplast Pty Ltd |
| **Ligging** | **:** | 40, 6de Laan, Elsiesrivier |

**ALLE EIENAARS VAN EIENDOM IN DIE VOORGESTELDE SPESIALE-AANSLAGGEBIED WORD VERSOEK OM DIE VERGADERING BY TE WOON.**

Vir enige navrae kontak John Huston Tel: 082 901 0591

**Let wel, indien u nie die geregistreerde eienaar van die eiendom is nie word u versoek om asseblief hierdie kennisgewing onmiddellik aan te stuur na die geregistreerde eienaar of verskaf die kontak besonderhede van die eienaar aan G. Lohrentz by gene@geocentric.co.za, 083 255 7657, sodat daar kontak gemaak kan word met die eienaar.**